

Vrydag 10 April

Skrifgedeelte: Lukas 8:26-39

Fokusgedeelte: Lukas 8:32

Christus bring kalmte vir die kinders van God

Die land van die Geraseners was 'n heidense gebied waarin Jesus Homself nou bevind. In hierdie heidense land dryf Jesus 'n menigte bese geeste uit 'n man. In dieselfde weergawe in Matteus 8 word van twee mense gepraat wat van duiwels besete was. Dit gaan egter nie oor hoeveel mense vol bese geeste was nie, maar wat Jesus gedoen het.

In die vorige nag (Matt. 8:22-25) het Jesus sy almag gewys oor die natuur toe Hy die storm op die see stilgemaak het. Hier in die land van die Geraseners sien ons ook die krag wat Jesus het oor die bese geeste. Wanneer Jesus hulle bevele gee, moet hulle gehoorsaam. Jesus dryf 'n menigte bese geeste uit hierdie man en hulle verlaat hom en Jesus laat hulle toe om in die varke in te vaar.

Ons sien dat die duivel die vernietiger is van alles wat goed is. Die bese geeste het hierdie man van Gadara se lewe hel gemaak. Die mense om hom se lewe was hel wanneer hy naby hulle was. Dit wat die bese aanraak, word vernietig. Ons sien dit ook in die varke waarin die legio bese geeste ingevaar het. Hulle het almal die berghang af gehardloop en in die see verdrink.

In teenstelling met die bese sien ons dat Jesus Christus vrede en kalmte bring vir hulle in wie God 'n welbehag het. Die storm op die see word stil wanneer Jesus praat. Die besetene van Gadara word geestelik gesond gemaak. Die almag van God word ten toon gestel voor die wêreld.

Aan die kruis op Golgota het Jesus ook sy mag oor die dood gewys. Daar het Hy herstel bewerk het tussen ons en ons hemelse Vader deur vir ons sondes te sterwe.

Sing: Skrifberyming 8 (5-3):1, 2

Ds. R Jansen van Vuuren (Riaan) (Lichtenburg)